DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

11 Maart 2018

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. Vrey**	**Aand**	**Ds. C.C.A. Vrey**
Sing vooraf	Ps. 44: 6, 9	Sing vooraf	Ps. 128: 2, 3
Sing	Ps. 138: 1, 4	Sing	Ps. 145: 1, 2, 12
	Sb. 5-2: 4, 5 (7)		Ps. 90: 7, 9
	Ps. 4: 3, 4		Sb. 16-1: 1, 2 (15)
	Ps. 18: 13, 14		
Skriflesing	Haggai 2: 1-9	Skriflesing	Genesis 17: 1-14 Handelinge 2: 37-42 HK Sondag 27 Vraag 74
Teks	Haggai 2: 4	Teks	Genesis 17: 7 Handelinge 2: 38-39
Tema	**Skep moed en volhard met die werk - die Here is met jou**	Tema	**Is die kinderdoop Bybels?**
Katkisasie-opening: Psalm 84: 1, 6			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL

Daar is geleentheid vir die katkisante om op DV **Sondag, 18 Maart** by Rus-oord bybels uit te deel vir die bejaardes wat nie een het nie. Daar gaan 'n kort vermaaklikheids-program en verversings ook aangebied word. Verskeie jongmense van ons gemeente het reeds ingestem om musiek te maak en indien daar nog lidmate is wat hul talente wil aanbied, kontak asseblief vir sr. Debbie Joubert. Skryf asseblief jou naam op die lys in die konsistorie.

BYBELSTUDIE

Bellville (Afrikaans): Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 16:4 e.v. / Aand: Handelinge 16:15 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving)
Rondebosch (Engels): Woensdag om 18h00 by Michael's Cafe, Rondebosch

HUISBESOEK

Wyk **Glenlily** (oudl. Freddie Scheepers) ontvang hierdie week huisbesoek deur ons leraar.

KLIPPIES

Die Klippies kom DV **Vrydag, 16 Maart** van 18h00 tot 20h00 by die kerk bymekaar. Ons beplan 'n opruimings-projek gevolg deur 'n lesing deur Deléne Vrey om die kinders in te lig oor die gevolge van rommelbesoedeling op die ekosisteem en die bewusmaking vir die herstel van God se skepping. Skakelpersoon: sr. Debbie Daling.

KOOR

Die koor oefen vanmiddag om 17h00. Alle lidmate, jonk en oud, word hartlik uitgenooi om asseblief saam te kom sing!

KULTE-TOERUSTING

Prof. Henk Stoker gaan DV op **Saterdag, 24 Maart** van 09h00 tot 13h00 'n kulte/sekte-opleiding en bewusmakings geleentheid aanbied by GK Strand. Die doel van die praatjie is om te verstaan hoe kultes te werk gaan en met daardie kennis te weet hoe om voorkomend op te tree, hoe om mense daarin vasgevang te benader, asook om nasorg te doen wanneer iemand uitkom. Ons vra dat elkeen 'n R20 donasie saambring, om te help met die koffie en verversings. Ter wille van voorbereiding van getalle, skryf asseblief u naam op die lys in die teedrinklokaal indien u die geleentheid wil bywoon

MEELEWING

Ons bid die seën van die Here toe vir:

- Sr. Gerry van der Walt wat met kanker gediagnoseer is.

OMGEWINGSAKE

Ons as mens se diepste emosionele belewenisse of gemoed kan so ingewikkeld wees omdat ons dit in swakheid en menslike denke wil verklaar. Tog is dit so eenvoudig omdat ons totale bestaan in God se hand is. Hy gebruik nie net die Skrif nie, maar ook die natuur om perspektief, begrip en nugterheid in ons lewe te bring. 'n Toonbeeld van balans, oorvloed en vreugde, maar ook die werklikheid van honger en swaarkry.

Die byl lê al klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. ***Matteus 3:10***

"Klaar" getuig van God se erns met die gerig en "lê" spreek van sy genadige lankmoedigheid.

POTJIEKOS-KOMPETISIE

Ons gemeente hou DV **Saterdag, 24 Maart** 'n potjiekos-kompetisie. Diegene wat graag 'n potjie wil inskryf, moet asseblief hul naam op die lys in die konsistorie skryf. **Oud en jonk kan deelneem**! Inskrywings is gratis, maar die deelnemer verskaf self die bestanddele as 'n skenking. Die wenner ontvang die gesogte wisseltrofee asook 'n geskenk!

Program: 14h00 Vure word aangesteek
18h00 Beoordeling
18h30 Tafelgebed & ete

Reëlings:

- Minimum pot-grootte is ‘n **nr. 3 potjie** (ten minste 10 porsies)
- Elke deelnemer vul ‘n vorm in met jou eie naam as die eerste kaartjie (wat gratis is).
- Jy verkoop dan die res van jou pot se porsies aan ander lidmate. Hierdie name word ook op jou vorm ingevul.
- Indien jy nie self jou pot se kaartjies uitverkoop nie, kan enige ander persone hul naam by jou potjie skryf.
- **Koste: R40 per porsie (R20 vir kinders onder 10 jaar)**
- Hout & bykosse word verskaf.
- Koffie/tee en ‘n soethappie sal teen R10 te koop aangebied word.
- **Inskrywings sluit 11 Maart 2018**.

Vorms en kaartjies is by sr. Tillie Wüst beskikbaar. Plaas asseblief die korrekte bedrag in ‘n gemerkte koevert. Slegs kontant betalings asseblief.

SKIEREILAND VIR CHRISTUS

Eerskomende Saterdag besoek ons ‘n groep kinders van Laerskool de Waveren by hulle skoolterrein.

VGK BASAAR – Ons bak pannekoek!

Die Vrye Gereformeerde Kerk beplan hul basaar vir DV **Woensdag, 21 Maart** (‘n publieke vakansiedag). Ons Susters gaan 'n pannekoek-stalletjie hê, as fondsinsameling vir die Susterskas. Ons benodig bestanddele en helpers (broeders ook baie welkom) om te help bak en verkoop. Enige skenkings van bestanddele, of kontant vir aankoop van bestanddele, sal baie waardeer word. Daar is naamlyste op die kennisgewingbord waar lidmate hul name kan opskryf vir hulp en skenkings. Enige navrae kan gerig word aan sr. Annalize Louw.

3. SUSTERS

KUNS-PROJEK

Susters word versoek om asseblief voor of op 30 Mei 2018, hul voltooide kunsprojek van 2017 se afsluitingsfunksie, by die kerkkantoor in te handig.

TEESKINKBEURTE

Vandag: Srs. **Emzy Venter**, Marie de Haan, Antoinette du Plessis, Rina Hoffman, Deléne Snyman, Sophia Thiart, Mercia van der Walt, Tillie Wüst
Woensdag (Breë Kerkraad): Srs. **Geertje Groenewald,** Hilde Coetzee, Etresia Hendricks, Debbie Joubert
Volgende Sondag: Srs. **Istelle Costerus,** Nicolet Coetzee, Elly den Haan, Elize du Plessis, Nadine Hattingh, Ella Smit, Tokkie Snyman, Corlise Tooth

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS

Diakens
Vandag: Brs. Cobus du Plessis, Albert Mulder, Dick van der Wilt, **Reinard Visser**
Volgende week: Brs. Ludwig Venter, Ruthven Janse van Rensburg, Herman Boneschans, Jaco Coetsee

Ouderlinge
Vandag: Brs. Daan Joubert, André Coetzee, Freddie Scheepers, Willie Buys
Volgende week: Brs. Jaco Cilliers, Cassie Bester, Ben van der Walt, Mark Lyons

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Peet van der Walt, Dewald Costerus
Volgende week: Harm du Plessis, Ian Snyman

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT
Maart: 12/03 Glenlily, 26/03 Parowvallei
April: 16/04 Boston 1, 23/04 Boston 2
Mei: 07/05 Bosbell & Hoheizen, 14/05 Kenridge, 28/05 Loevenstein

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Diakonale Kas	Alta du Toit
By die deure:	Emeritaatsfonds	Bolandse Bedieningsfonds

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens in die kerkgebou
Finansiële Kommissie
Maandag om 18h00 in die konsistorie
Breë Kerkraad (ouderlinge en diakens)
Woensdag om 19h00 in die konsistorie

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. ‘n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Ons wil graag ook spesiaal vir **dr. Simon Jooste** gelukwens met sy verjaarsdag!

Vandag	Br. Fanie van Jaarsveld
12/03	Br. Mark Lyons Sr. Sophia Thiart
13/03	Dr. Simon Jooste
14/03	Danelle Boneschans (8 jaar) Br. Stefan Coetzer Br. Guillaume Gerber
16/03	Sanri van Hoving (2 jaar)
17/03	Hesti van Hoving (4 jaar)

Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad ... *Psalm 1:6*

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za